**DIE BELANGRIKSTE DIENSWERK IN DIE KERK VAN CHRISTUS**

**Ds Daan Malan (emeritus-predikant van GK Lindley en Steynsrus)**

1. Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.
2. Geliefdes in onse HERE: Genade en vrede vir julle, van God ons Vader, en die HERE, Jesus Christus.
3. Lofps: Ps 92:1+2
4. Geloofsbelydenis
5. Wet
6. Sing: Ps 92:3+4
7. Gebed.
8. Sing: Ps 92:5
9. Skriflesing:
   <u>Ou Testament riglyne:</u>
   9.1 Gen 2:4-7 en 15-25
   9.2 Gen 3:1-24

   <u>Nuwe Testament riglyne</u>:

   9.3 Ef 5:22-33
   9.4 1 Tim 2:9-15
   9.5 1 Kor 11:2-16

   <u>Die belangrikste Amp in die Kerk is dus</u>:

   9.6 Ef 4:1-16
   Teks: (Ef 4:11 en 12)
10. Preek:
11. Gebed:
12. Afdra van Liefdesgawes
13. Sing: Ps 92:6+7
14. Seen: Die genade van onse HERE, Jesus Christus, die liefde van God, en die gemeenstkap van die Heilige Gees, bly met u elkeen. Amen.

<u>**DIE BELANGRIKSTE DIENSWERK IN DIE KERK VAN CHRISTUS**</u>

Geliefdes in onse HERE, Jesus Christus

Dit gaan nie in die kerk oor wie BAAS is en wie KLAAS is nie! Hierdie "hiërargie-stryd" is 'n Roomse- en 'n wereldse stryd, en hoort nie tuis in die ware kerk nie!

Ons is immers almal "Klase", "diensknegte", van ons enigste "Baas" en Koning: Jesus Christus! En ons is almal ewe klein voor God.

As ons tog net ontslae kan raak van die "Baas en Klaas – dwaalleer " wat vanuit die wêreld kom en in die kerke ons denke kom deurmekaarkrap het, sodat daar verskeurdheid onder ons gekom het. Die Satan is hieroor tog so bly… hy geniet dit om ons te sien stry en baklei oor die ampte / dienste in die kerk. Want dan mors ons ons energie op onderlinge stryd in plaas van om hom met alle mag te bestry!

Hoe wil God elke dag gedien wees?

1. Kom ons luister vanoggend eerstens na hoe God dit in die Ou Testament bepaal het.
2. Kom ons luister daarna hoe God dit in die nuwe Testament verder gereël het.
3. Kom ons toets dan of ons getroue en waardige dienswerkers van Christus is vandag.

## 1. Kom ons luister vanoggend eerstens na hoe God dit in die Ou Testament bepaal het.

Om ware dienswerkers van Christus te kan wees moet ons let op die Orde reëlings wat God ingestel het tussen sy dienswerkers in die kerk, asook die verskillende pligte en verantwoordelikhede wat God aan elkeen gegee het.

Ons eerste inligting hieroor kry ons logies reeds by die skepping. Dit kan immers ook nie anders nie: Daar behoort ons verseker van God te verneem waarom en waarvoor hy die mens, die Ou Testamentiese Kerk, geskape het, asook wat ons pligtestaat is hier op aarde. God het ons mos nie sonder 'n doel en roeping geskape nie!

Wat leer God ons in Gen 1, 2 en 3?

**Les 1:** ***God skep op 'n spesifieke orde, en ken daarvolgens kerklike dienswerk-pligte aan ons toe.***

1. God het eerste vir Adam, die man, uit stof geskape en vir hom sy dienswerk-pligtestaat gegee: Gen 2:7, 15-17).
    - Hy moes die tuin van Eden ordelik BEWERK en BEWAAK (v15)
    - Hy moes toesien dat Gods wil ordelik GEHOORSAAM word deur te sorg dat daar net van die regte vrugte ge-eet word.(v 16+17)
    - Hy moes ordelik NAME GEE vir al die lewende wesens op die aarde. (v19+20)
2. God het eers daarna vir Eva geskape toe Hy gesien het Adam is alleen, en hy kort 'n hulp wat by hom pas, nie uit stof nie maar uit een van die man se ribbebene.
    - Maar God het nie vir Eva 'n spesifieke pligtestaat gegee anders as die doel waarom sy geskape is nie, nl: om vir Adam 'n hulp te wees wat by hom pas, (v18)
    - En sodat hulle vrugbaar kan wees en vermeerder en die aarde vul. (1:28).
3. DUS: God gee wel aan Adam 'n direkte pligtestaat en hou hom persoonlik daarvoor verantwoordelik, maar betrek ook later vir Eva, as hulp vir Adam, om Adam te help met sy pligte.

- So verstaan ons dan ook die opsomming van Adam, en sy hulp, Eva, se dienswerk pligtestaat soos God dit skryf in Gen 1:28-30:
  - Wees vrugbaar
  - Vermeerder
  - Vul die aarde
  - Onderwerp die aarde en
  - Heers ordelik daaroor
  - En eet slegs van die heerlike kos wat voorgeskryf is deur God.

  **<u>Ons kan dit ook op 'n ander manier stel:</u>** Om koninklik te heers oor die skepping, om die skepping priesterlik met liefdesdiens te versorg, en om die skepping profeties volgens die wil van God te leer.

**<u>Les 2:</u>** ***<u>Niks van hierdie orde- en kerklike dienswerk-opdragte verander in wese na die Sondeval nie.</u>***

1. God handhaaf streng dieselfde orde en pligtestaat vir die man en sy vrou, (vir die Ou Testamentiese Kerk), na die sondeval.
2. Maar God voeg by die ordereëling en by elkeen van die pligte moeite en pyn en lyding toe as straf omdat Sy Kerk ongehoorsaam was aan hulle dienswerk-pligtestaat.
   - Vrugbaar wees en vermeerder gaan nou met met 'n moeite- en smartvolle swangerskap gepaard vir die vrou, (3:16)
   - Die onderwerp en ordelike heers oor die aarde gaan nou met moeite en swoeg en sweet gepaard, want daar is nou ook dorings en distels, peste en plae, vir die man. (3:17-19)
   - En die heerlike gratis paradys-vrugte as kos, word nou met sweet verdiende veldplante. (3:19)
3. God beklemtoon egter weer sy Skeppingsorde as Hy sy Kerk straf na die sondeval:
   - Hy spreek heel eerste vir Adam aan oor die ongehoorsaamheid. Hy is die aanspreeklike persoon in die Kerk wat as pligstaat het om toe te sien dat Gods wil ordelik GEHOORSAAM word deur te sorg dat daar net van die regte vrugte ge-eet word.
   - God som Adam se sonde op in die volgende woorde: "Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou…."
   - En God herinner vir Eva helder duidelik dat sy moet onthou dat sy geskape is slegs om vir Adam as hulp te wees en dat sy daardie skeppingsdoel en plig moet gehoorsaam deur 'n streng verduideliking wat dit beteken in 3:16…. "…en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers". Sy moet dus erken dat Adam verantwoording moet doen by God oor haar, kragtens Adam se dienswerk pligtestaat.

**<u>Les 3:</u>** ***<u>Hier is nie sprake van Klaas / Baas in die Ou Testamentiese Kerk nie, maar wel van 'n duidelike ORDE en kerklike DIENSWERK pligstaat vir mans, en aan hulle sy, die vrou as sy hulp.</u>***

## 2. <u>Kom ons luister nou hoe God dit in die nuwe Testament verder gereël het</u>

Ons mag nooit die Nuwe Testament los en sonder die Ou Testament lees nie! Daarom moet ons nou God se skeppings-orde, doel en opdragte vir mans en vroue in Sy Ou Testamentiese Kerk as vertrekpunt neem as ons luister na hoe God in die Nuwe Testamentiese tyd die dienswerk in Sy kerk voorskryf.

Niks van die skeppings pligte verander nie… dit bly net so staan:

- Wees vrugbaar
- Vermeerder
- Vul die aarde
- Onderwerp die aarde en
- Heers ordelik daaroor
- En eet slegs van die heerlike kos wat voorgeskryf is deur God.

Ja, dit is opvallend duidelik dat God in geen opsig afwyk van sy Skeppingsdoel en opdragte vir die dienswerk in sy Nuwe Testamentiese Kerk nie. Inteendeel, na die koms en verlossingswerk van Christus, is daar 'n duidelike **<u>verheldering</u>** en **<u>verheerliking</u>** van hierdie dienswerk opdragte vir die mans en die vroue in die kerk:

Want die Koning van die kerk, het mens geword, en onder ons kom woon, en 'n deel van die Nuwe Testamentiese Kerk het hom gesien met hulle eie oë! Alle fokus skuif weg van die diensknegte af en fokus meer en meer op die heerlike dienswerk wat die mans- en vroue lidmate kan verrig uit dankbaarheid vir die verlossingswerk van ons Koning!

- Wat 'n heerlike voorreg om Nuwe Testamentiese man te wees in die kerk van Christus!
- Wat 'n heerlike voorreg om Nuwe Testamentiese vrou te wees, as hulp vir die man, in die kerk van Christus!
- Wat 'n voorreg om so saam dienende diensknegte te wees as kerk van Christus.
- Wat 'n voorreg om Naamdraer van Christus te wees, Christen te wees, wat beteken: om koninklik te heers oor die skepping, om die skepping priesterlik met liefdesdiens te versorg, en om die skepping profeties volgens die wil van God te leer.

**<u>Hoe wil die HERE hê moet die vrou haar dienswerk in Sy kerk verrig volgens Ef 5?</u>**

- Hy sê dat die vrou haar kerklike dienswerk moet verrig met die volgende as vertrekpunt:
  - Wees in alles aan julle mans onderdanig, soos aan die HERE (v22+24).
  - Erken hom as jou hoof, net soos Christus die Hoof is van die gemeente (v23).
  - Die vrou moet die man eerbiedig, en so eerbied betuig aan Christus (v33).

**<u>Hoe wil die HERE hê moet die man sy dienswerk in Sy kerk verrig volgens Ef 5:22-33 ?</u>**

- Hy se dat die man sy kerklike dienswerk moet verrig met die volgende as vertrekpunt:

- Wees lief vir julle vroue, net soos Christus die gemeente liefgehad het en Homself daarvoor oorgegee het…(v25-27)
- Koester en voed jou vrou deur haar net so liefderyk aan te spreek en te leer, net soos Christus die gemeente gekoester en gevoed het met die brood van die Lewe, Sy eie Liggaam,… Sy Woord. (v 28-30)

**<u>Hoe wil die HERE hê moet die vrou haar dienswerk in Sy kerk verrig volgens 1 Tim 2:9-15 ?</u>**

- Hy sê dat die vrou haar kerklike dienswerk moet verrig met die volgende as vertrekpunt:
  - Sy moet haar behoorlik en betaamlik aantrek, met beskeidenheid en ingetoeënheid, want dit weerspieël Godsvrug en haar eerbiedige gesindheid ten opsigte van haar dienswerk (v9+10)
  - Sy moet haar dienswerk verrig in onderdanigheid en haar in stilte en eerbiedigheid laat leer deur die man.(v11+12)
  - Sy moet steeds in die Nuwe Testament die skeppingsorde van God in herinnering roep en onthou dat sy as hulp vir die man geskape is om so saam dienswerk te verrig in die kerk, (v13).
  - Sy moet ook in herinnering roep die tragiese feit dat dit Eva se heerskappy- en magsbehepte gesprek met Satan was wat die oorsaak van die sondeval was, en dat sy toe vir Adam verkeerdelik probeer leer het, (v14).
  - Sy moet haar dienswerk met oorgawe doen in haar uitvoering van haar primere roeping, nl: deur aan kinders geboorte te gee en hulle te leer en te onderrig op so 'n wyse dat hulle ware en opregte gelowige lidmate van die kerk van Christus word. (v15).

**<u>Hoe wil die HERE hê moet die man sy dienswerk in Sy kerk verrig volgens 1 Kor 11:2-16 ?</u>**

- Hy sê dat die man sy kerklike dienswerk moet verrig met die volgende as vertrekpunt:
  - Hy moet Christus alleen as sy Hoof erken en eer, (v3).
  - Hy moet in sy dienswerk en in sy voorkoms die beeld en heerlikheid van God uitbeeld deur die wyse hoe hy as hoof van sy vrou optree,(v3-7)
  - Hy moet eerbied aan God betuig deur nie sy hoof te bedek met lang hare of 'n hoed as daar gebid word nie, (v3-7 +14)

**<u>Hoe wil die HERE hê moet die vrou haar dienswerk in Sy kerk verrig volgens 1 Kor 11:2-16 ?</u>**

- Hy sê dat die vrou haar kerklike dienswerk moet verrig met die volgende as vertrekpunt:
  - Sy moet nie net vir Christus as Hoof erken en eer nie, maar ook haar man, (v3)
  - Sy moet in haar dienswerk en in haar voorkoms haar ondergeskiktheid aan die beeld en heerlikheid van God uitbeeld deur die wyse hoe sy haar man erken as haar hoof, (v3-7)
  - Sy moet eerbied en ontsag aan God betuig deur wel haar hoof te bedek met lang hare of 'n hoed as daar gebid word, (v3-7 +14)

- Sy moet steeds in die Nuwe Testament die skeppingsorde van God in herinnering roep en onthou dat sy as hulp vir die man, vanuit die man, en ter wille van die man geskape is, en haar kerklike dienswerk in die gesindheid uitvoer, (v8+9).

- Wat 'n heerlike voorreg om Nuwe Testamentiese man te wees in die kerk van Christus!
- Wat 'n heerlike voorreg om Nuwe Testamentiese vrou te wees, as hulp vir die man, in die kerk van Christus!
- Wat 'n voorreg om so saam dienende diensknegte te wees as kerk van Christus.
- Wat 'n voorreg om Naamdraer van Christus te wees, Christen te wees, wat beteken: Om koninklik te heers oor die skepping, om die Skepping priesterlik met liefdesdiens te versorg, en om die skepping profeties volgens die wil van God te leer.

## 3. <u>Kom ons toets dan of ons getroue en waardige dienswerkers van Christus is vandag. (Ef 4:1-16)… (v 11 +12)</u>

3.1 Is ons mans nog getrou aan hulle skeppings-roeping en maak ons erns met ons Godgegewe opdragte en verantwoordelikhede teenoor die skepping en in besonder teenoor die vroue?

- Heers ons as mans nog ordelik oor die hele skepping?
- En koester en voed ons as mans nog ons vroue deur hulle liefderyk aan te spreek, te leer en te lei?
    - Hiervan getuig die optrede van ons mans in vandag se tyd nie meer altyd nie!
    - Die mans sien nie meer werklik toe dat die hele skepping ordelik bewaar word nie en sal voor God verantwoordelikheid moet doen hieroor!
    - Die mans het ook lui geword rakende hulle roeping om die leiding te neem in kerklike byeenkomste en ontlok God se oordele oor hulleself en oor die kerk.
  - Die mans laat toe, net soos in die paradys, dat die vrou begin leiding neem en praat en struikel en val, en so vaal die mans steeds in hul roeping, en ontlok net nog meer van God se oordele oor die kerk.

3.2 Is ons vroue nog getrou aan hulle skeppings-roeping as hulp vir die man, en maak ons vroue nog erns om hulle afhanklikheid van die mans uit te leef?

- Is ons vroue se gesindheid in die huis en in die skepping en in die kerk nog 'n gesindheid van eerbied en ontsag teenoor God en die mans?
- Is ons vroue nog trots daarop om aktiewe hulp van die man te wees en leiding te onvang, sodat die haar oorvloedige dienswerk ook heerlike vrugte kan dra in die kerk?
- Is ons vroue nog primêr toegespits op die Christelike grootmaak van ons kinders?
    - Hiervan getuig die optrede van ons vroue in vandag se tyd ook nie meer altyd nie!
    - Ons vroue het begin glo dat "hulp vir die man", diskriminasie is teenoor die vrou, en dat sy bevry wil wees van hierdie vernedering… net soos Eva van ouds.
    - Ons vroue het begin glo dat eerbied en ontsag kenmerke is van 'n swakkeling en dat sy daarom ook die broek in die huis wil dra en heers en regeer.

- Ons vroue het begin glo dat die man se roeping meer status het as die van die vrou en dit is onregverdig van God.
- Die vroue het die christelike onderrig van ons kinders begin oorlaat aan die huishulp en aan die skool, en nou sit ons met 'n jong geslag kinders sonder ware fondament.
- En hoe vreeslik ontlok dit nie God se toorn en oordele oor die kerk nie.

Luister na die erns van God se oproep en vermaning tot ons vandag in Ef 4:1-3…

**"Ek vermaan julle dan om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra, en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede."**

En leer die belangrikste les wat die kerk vandag moet leer: (Ef 4:11+12)

Die belangrikste "AMP" / "dienswerk" in die kerk is:

- die amp van gehoorsame MANWEES enVROUWEES!
  - Presies soos God dit reeds tydens die skepping vasgestel het…
- die amp van Christen wees, in 'n onchristelike wereld!
- Die amp van HEILIGES wees… soos dit staan in ons teksvers…!
- Ons noem dit ook: DIE AMP VAN DIE GELOWIGE!
- Niks kan by hierdie "Amp" kom nie.
  - Want daarsonder bestaan die kerk nie!
  - Sonder Gelowiges, is dit kerk van Satan!
  - Vat maar weg alle predikante, en Ouderlinge en Diakens… dit maak nie saak nie, want waar Gelowiges bymekaarkom en leef, is die kerk aktief.
  - Predikante en ouderlinge en diakens is bloot tot hulpdiens… hulle maak nie die kerk nie!

Hieroor is Ef 4 : 11+12 helder duidelik:

"**En Hy het gegee, sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars…. "… MET WATTER DOEL?**

**"Om die Heiliges (Amp van die gelowige), toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus."**

- Kom dan, laat ons erns maak as mans en vroue, met ons onderskeie roepinge en pligtestate wat God vir ons bepaal het…
- En laat ons elke dag eerbare Kerk wees, tot eer van God, en tot voordeel van die hele skepping,
- In afwagting op die wederkoms, en die nuwe Jerusalem, waar 'n paradyslewe nog heerliker as dit wat Adam en Eva beleef het, vir ons voorlê …

- Waar daar nie predikante en ouderlinge en diakens sal wees nie, maar nog steeds net die belangrikste "amp": die Gelowiges!... altyd deur besig om God opreg en reg te loof en te prys en te eer!

AMEN